
# Storie agter die storie

## Die uitgespoeldes



JOANIE CALITZ
**Stellenbosch Leeskring**

Soos julle almal weet, is hierdie boek in 2005 amptelik bekendgestel deur Amanda Botha by die Protea Boekwinkel en het dit baie vinnig 'n blitsverkoper geword en gebly. Die oggend was 'n belewenis en is ook bygewoon deur Tiel Bergh en Jeromy Boraine van Penguin boeke. Dit was die eerste Afrikaanse boek wat deur Penguin uitgegee is in die 70 jaar van sy bestaan.




Dit was by hierdie geleentheid dat Louis Esterhuizen van die Protea Boekwinkel gesê het: Die Afrikaanse letterkunde was 21 jaar gelede in 'n groot krisis omdat daar nie 'n middeweg was om te lees nie en hierdie middelste moot het Dalene Matthee oopgeskryf tot haar agste roman, **Die uitgespoeldes**.

Amanda Botha sê by dieselfde geleentheid dat sy in haar 23 jaar lange vriendskap met Dalene nooit gedink het dat daar so 'n suksesvolle tyd vir haar (Matthee) sou voorlê nie en sy het baie waardering vir haar as vriendin gekry. Min mense het nog so intens oor die Strandveld geskrywe behalwe Dr Con de Villiers en Audrey Blignault.

Ook by hierdie geleentheid was Piet van As wat die illustrasies van die boek gedoen het en wat 'n jare lange korrespondensie met Matthee gehad het. By dié geleentheid was ook Dianna Badenhorst Durrant en haar twee dogters - Sheila Camerer en René Lion Cachet. Hulle is die huidige eienaars van die plase Springfield en Renosterkop waar die Lord van die boek gewoon het en het tydens hulle besoeke aan die plase baie stories oor hom gehoor vanaf 1962 toe hulle die plase gekoop het. Van 1977 besoek hulle hierdie plase baie gereeld. Dit was goed om die 90-jarige Dianna die versie wat sy oor Springfield geskryf het, te hoor voorlees.

Van 1988 het Dalene 'n noue kontak en korrespondensie met Piet van As, die illustreerder van die boek, gehad. Dit is oor hierdie kleintyd stories van Van As oor sy kontrei tussen Agulhas en Bredasdorp dat Amanda Botha sê: '...iets kom vasmossel het en waaruit haar agste roman ontstaan het'. Dalene skrywe aan hom in 1988: ''n Brief van Piet van As is altyd soos 'n vlagie reën wat onverwags kom uitsak en 'n oomblik se lafenis bring. Dankie vir die skryf. As jy wel die dag besluit om jou Strandveld se dinge neer te skryf, het ek kwaai kompetisie.'

Met Dalene het hy baie lekker oor sy Strandveldse stories gesels. Hy het haar baie bekoor. Hy was ook 'n man van die see wat nêrens sonder sy sketsboek gegaan het nie en dit was 'n duidelike opdrag van Dalene dat daar van sy sketse in haar boek opgeneem moes word. Hy het die kontrei - veral die plase Springfield, Renosterkop en Ratelrivier waar Dalene **Die uitgespoeldes** laat afspeel het - haarfyn beskrywe in al sy stemminge en van elke karakter 'n gestalte gemaak wat in haar roman kon verskyn.

Aan Matthee skryf Piet van As: ''n Skip wat ek aan dink en wat 'n ongelooflike geheim gelaat het, was die Doncaster wat by Rietfontein se baai vergaan het. Sal ek vir jou die besonderhede aanstuur en kyk wat jy daarmee kan maak? Dit moes die skip wees van die monumentjie wat toe nog nie vir my betekenis gehad het nie omdat ek op daardie stadium nog nie die boek gelees het nie.' Dis uit hierdie stranding dat die storie van Moses Swart gebore is. Hierdie man wat opgetel is tussen die rotse en 'n flentertjie onthou in hom agtergelaat het.

So kan ek aanhou met die een karakter na die ander - Gawie Jakkals Jagter Lourens, gravin Blucher met haar seun Alec, maar veral Katoeka, die rare Katoeka wat onder die melkhoutbosse gewoon het en haar verhouding met Moses Swart - al mens wat haar op 'n manier verstaan het. Die kostelikste bly egter vir my die besoek van Harold Macmillan met die vreeslike wind wat aanhoudend gewaai het, toe hy sy toespraak aan die skrywe was en waaruit die **Winds of change** (die winde van verandering) toespraak ontstaan het.

Op 26 Oktober 2003 skrywe Dalene aan Piet: 'Deeglike goeie Piet, jou aandeel in 'n moontlike boek, is om alle walle te oorstroom. Jy sal nie verstaan nie, maar glo my net. Dankie uit die hart vir alles. Groete en dankie vir al jou insette. Dalene.'

By Tafelberg Uitgewers was een van die gunsteling stories oor skrywers dié een van die vrou wat met haar manuskrip in 'n plastieksak onder die arm by hulle, die uitgewers, aankom. Daardie vrou was Dalene Matthee, die boek, **Kringe in die Bos** - haar eerste boek. Die boek is in die hande geplaas van Charles Fryer. Daarna volg **Moerbeibos**, **Brug van die esels**, **Fiela se kind**, **Susters van Eva** en **Pieternella.**

Na hierdie boeke verswak Charles Fryer se gesondheid so dat hy haar nie meer kon help nie en neem Suzette Kotze Myburgh haar oor. Toe 'n bruinpapierpakkie by Suzette opdaag en sy dit oopmaak, is dit **Toorbos**. Sy werk dit twee tot drie maal deur, al hierdie bruinpapierpakkies wat aankom en uiteindelik word **Toorbos** uitgegee.

Na nog 'n jaar - weer 'n pakkie - **Die uitgespoeldes,** maar Dalene sê self sy weet nie of dit sal werk nie. Suzette begin lees aan hierdie halfklaar manuskrip met sy vreemde bekoring. Heeltemal anders as die bosboeke. 'n Paar maande later volg die volledige manuskrip volgens Matthee. Dis 'n besonderse storie. En nou dat Suzette terugkyk, sien sy hoe spesifiek sy oor die dood geskryf het.

Ek haal Suzette aan: 'Sy het reggemaak om te vertrek.'

Om mee af te sluit, haal ek Suzette woordeliks aan uit 'n resensie: 'As uitgewer is boeke my brood en botter; as mens is dit so deel van my soos bloed. Ek voel 'n durende dankbaarheid teenoor skrywers - daardie mense wat bereid is om hard te werk met hul Godgegewe talent om die menslike bestaan onder woorde te bring. Daarom sê ek totsiens Dalene en baie dankie.'